

23 September

Skrifgedeelte: Johannes 3:22-36

Fokusgedeelte: Johannes 3:30

Hy meer, ek minder

Hoe wonderlik en menslik ongewoon klink hierdie woorde in 'n selfsugtige, hoogmoedige wêreld: "Hy meer, ek minder". Dis buitengewoon. My "eie ek" wil mos nie graag minder word nie. Waarom moet ek altyd die minste wees? By troues, by belydenisaflegging en by die doop hoor ons: dit is die bruid, die katkisante, die familie se dag. Ons meer, Hy minder. Waar bly ons ootmoedige dankbaarheid? By die bevestiging van kerkraadslede word gesê: Ek stel myself tot beskikking vir die amp van ouderling of diaken. Ek, ek! Waar is ons kinderlike gehoorsaamheid? Dalk was dit vir die Doper 'n versoeking as hulle vir hom sê: "Rabbi..almal gaan na HOM toe". Tog is Johannes nie op Jesus jaloers nie. Hy ken geen bitterheid nie. Hy is intendeel baie bly oor wat gebeur. Hy is die vriend van die Bruidegom en is bly wanneer hy die stem van die Bruidegom hoor. Nou kan die bruilofsfees tog begin. Daarom verklaar Johannes vol blydschap: "Hy moet meer word en ek minder".

Weet jy wanneer het die Here Jesus die heel meeste geword? Toe Hy die heel minste geword het deur Homself te laat kruisig om van ons wat niks is nie iets te maak, naamlik kinders van God. Dit is buitengewoon.

"Ek leef nie meer nie, Christus leef in my. Hy moet meer word en ek minder".

Sing: Psalm 31:15,17

Ds J Venter (Emeritus)